
GELOOF In Die Woord

Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

"..In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God. En die Woord het vlees geword en het onder ons gewoon…" Joh. 1:1 & 14



FAITH In The Word

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

"...In the beginning was the Word, and the Word was with God, and the Word was God. And the Word became flesh and dwelt among us…" John 1: 1 & 14

POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 1836 / 551 2419 · FAKS: (032) 552 5411 - www.stangerchristiancentre.co.za



'n **houding** van **dankbaarheid** en **erkentlikheid**

...Dit mag vreemd lyk dat Vader God, wat die Skepper van Hemel en Aarde is, vreugde vind in die danksegging van Sy volk, maar Sy Woord verseker ons dat dit so is!

Een van die eerste woorde wat ouers hulle kinders leer om te sê wanneer hulle leer om te praat is "ta" – wat babataal vir DANKIE is! Van baie jonk af wil ons hulle leer om dankbaar te wees vir wat aan hulle gegee word. Ons as aardse vaders weet hoe belangrik dankbaarheid is en daarom moedig ons, ons kinders aan om bewus te wees van die nodigheid om te alle tye 'n dankbare hart te vertoon. Niks is leliker as om 'n bederfde kind te sien wat hom swak gedra deur oortoegewend te wees, en as daar nie met die ondankbare gees op 'n vroeë ouderdom gedeel word nie sal dit net erger word en daardie kind is gewoonlik uiteindelik selfsugtig en veeleisend.

Dit is egter pragtig om 'n kind te sien met 'n stralende gesig van blydskap en dankbaarheid waar hy sy ouers omhels in erkentlikheid vir wat hulle vir hom gedoen of gegee het. Sy blydskap vir wat hy ontvang het word net oortref deur die blydskap wat hy vir sy ouers bring; en as dit die waarheid is van 'n aardse vader se vreugdevolle reaksie, dink net hoeveel meer ons Hemelse Vader die dankbaarheid van Sy kinders waardeer!

Dit mag vreemd lyk dat Vader God, wat die Skepper van Hemel en Aarde is, vreugde vind in die danksegging van Sy volk, maar Sy Woord verseker ons dat dit so is! Ons lees in die Ou Testament dat God offerandes van lof vereis het – Hy het reeds Sy volk geleer om "ta" te sê en dankbaar te wees. **Lev. 7:11 – 13: En dit is die wet van die DANKOFFER wat hulle aan die HERE bring: Ingeval hy dit as lofoffer bring, moet hy by die lofoffer bring: ongesuurde koeke met olie gemeng en ongesuurde platkoeke met olie bestryk en fynmeel wat as koeke deurmekaargeroer is, met olie gemeng; saam met koeke van gesuurde brood moet hy sy offergawe by sy LOFDANKOFFER bring.** Koning Dawid was 'n man wat die pad na God se hart geken het – God het Dawid 'n man so na Sy hart genoem! Waarom? Deur sy voortdurende houding van dankbaarheid! Hy het in die Psalms geskryf: **Gaan sy poorte in met LOF, sy voorhowe met lofgesang; loof Hom, prys sy Naam (Psalm 100:4).**

Om die stem van LOF te laat hoor en om al u wonders te vertel (Psalm 26:7).

Laat ons sy aangesig tegemoetgaan met LOF, met lofsange Hom toejuig! (Psalm 95:2).

En laat hulle LOFOFFERS bring en met gejubel sy werke vertel (Psalm 107:22).

Ek sal U 'n offer van DANKSEGGING bring en die Naam van die HERE aanroep (Psalm 116:17).

Sing 'n DANKLIED tot eer van die HERE, psalmsing tot eer van onse God met die siter (Psalm 147:7).

Daniël is 'n wonderlike voorbeeld van 'n ware vroom

(Vervolg op Bl. 2)

(Vervolg vanaf Bl. 1 - 'n Houding van dankbaarheid….)

man en hy het geweet hoe belangrik dit vir sy God was dat hy gereeld en dikwels gebid het en dikwels met 'n dankbare hart, veral toe hy in die hande van die regerende gesag geval het omdat hy geweier het om sy knieë in aanbidding te buig voor 'n vreemde god. **En net toe Daniël verneem dat die bevelskrif geskrywe was, het hy in sy huis gegaan; en hy het in sy bo-kamer vensters gehad wat oop was in die rigting van Jerusalem, en hy het drie maal op 'n dag op sy knieë geval en gebid en lofprysinge uitgespreek voor sy God, net soos hy tevore gedoen het (Dan. 6:11).** Hy het aangehou om God te dank te midde van vervolging en 'n dreigement met die dood (Let op dat hy God nie gedank het VIR die vervolging nie, maar ten spyte daarvan!) Danksegging is altyd vir Vader God 'n aanduiding dat ons Hom vertrou om vir ons te onderneem in enige teenspoedige situasie!

Wanneer ons, ons dank aan Hom betuig kan ons altyd verseker wees van die teenwoordigheid van Vader God in ons midde. Alhoewel ons weet dat Sy Woord sê dat Hy ons nooit sal begewe of verlaat nie, sal Hy altyd terwyl ons dank aan Hom bring Sy teenwoordigheid openbaar. Dit het gebeur toe die Ark van die Verbond na die Allerheiligste in die Tempel gebring is en ons lees in **2 Kron. 5:13: En toe die trompetblasers en die sangers almal saam *eenstemmig* begin om die HERE te PRYS en te loof, en net toe hulle die stem *verhef* met die trompette en met die simbale en met die musiekinstrumente, en met: Loof die HERE, *want Hy is goed, want sy goedertierenheid is tot in ewigheid!* --is die huis, die huis van die HERE, vervul met 'n wolk.** Die Here se teenwoordigheid het die plek gevul!

Nehemia wat die mure van Jerusalem herbou het ten spyte van geweldige opposisie, het die Hand van die Here herken wat hom in staat gestel het om met die ontsaglike taak te slaag en toe die herboude mure aan God toegewy is, het hy almal wat betrokke was met die herbouing bymekaar gekry, sodat dank aan Hom gebring kon word en ons lees in Neh. 12:40 en 46: **Toe het die twee kore in die huis van God gaan staan, en ek en die helfte van die leiers met my saam: Want in die dae van Dawid en Asaf, van die voortyd af, lê die oorsprong van die sangers en leiers van die lofsang en die DANKSEGGING aan God.** Dit is uiters noodsaaklik om al die eer en glorie van al ons prestasies aan God te gee, want sonder Hom kan ons niks doen nie en Nehemia het dit geweet!

Ek onthou die profesie goed wat die man van God oor my geprofeteer het aan die begin van hierdie bediening. Dit was op 'n Woensdag die 23ste Maart 1979. Die Woord van die Here het gesê dat ek 'n genesingsbediening sou hê wat regdeur die land bekend sou wees asook 'n literatuurbediening vanaf Stanger, omdat God bedoel het om 'n werk in hierdie plek te doen waarvan die land sal weet. Toe het hy hierdie betekenisvolle profetiese woorde bygevoeg, **"En wanneer jy hierdie dinge sien gebeur, weet dat dit Ek is wat dit gedoen het!"** Ons het sonder twyfel geweet dat dit God alleen was wat verantwoordelik was vir die bediening wat van die plek af uitgegaan het omdat dit net Hy alleen is wat red en genees, dit is Hy wat aan ons die daaglikse krag en vermoë gee om te doen waarvoor Hy ons geroep het vir die afgelope meer as dertig jaar. Ons het onsself beskikbaar gestel as Sy houers om die Lewende Water te dra na hulle wat dors is, maar dit is God wat die vermeerdering en die Lewe gee! Ons vergeet nooit om Hom die dank te gee vir alles wat Hy gedoen het! En net soos met Nehemia, wat teen baie teenkanting gewerk het, toetse en beproewinge, het ons ook gesien dat God vir ons die hele tyd op wonderbaarlike maniere deur gedra het: want net soos die mure van Jerusalem God se kosbare mure was wat herbou is, so is die mense wat God na ons stuur, Sy kosbare mense wat 'n aanraking van Hom nodig het en die Geveg en Oorwinning is Syne! So ook al die eer en heerlikheid!

Ons lees in die Boek Jona dat Jona hom in die maag van 'n groot vis bevind het as gevolg van ongehoorsaamheid aan God se roeping en sending vir hom. Hy wou nie na Nineve gegaan het om die boodskap van bekering aan die heiden nasie te verkondig nie. Jona het egter in die groot vis se maag berou gehad en gekies om God se opdragte te gehoorsaam, en waar hy nie eers wou gaan nie, sê hy nou vir God: **Ek daarenteen sal aan U offer met 'n stem van LOF; wat ek beloof het, sal ek betaal. Die heil behoort aan die HERE** (**Jona 2:9).** Wanneer ons dit met God gemis het en bedrieg het deur rebellie of ongehoorsaamheid, of albei, is die beste houding wat ons kan hê een van berou met danksegging, want ons sien wat dit vir Jona gedoen het in die volgende vers, vers 10: **Daarop het die HERE die vis beveel om Jona op die droë grond uit te spuug.** Daar is 'n kosbare les wat uit die gedeelte van die skrif geneem kan word, en hoe gouer ons leer dat LOFPRYSING aan God kragtige resultate in tye van moeilikheid bring, hoe makliker sal ons lewe word, want ons almal sal dit soms met God mis!

Die Apostel Paulus was 'n man wat deur God geroep en grootliks deur die Here gebruik is, hy het in werklikheid meer as die helfte van die Nuwe Testament geskryf. Paulus, soos julle weet, het 'n wonderlike bekering op die pad na Damaskus gehad toe hy sy Lewende Verlosser Jesus teëgekom het, wat hom vertel het hoeveel hy terwille van die Evangelie sou ly. In teenstelling met godsdienstige tradisie is daar nie in die Bybel opgeteken dat Paulus aan enige siekte gely het nie maar hy het beslis gely onder vele vervolging, baie beproewinge en aanvalle van die vyand (Lees ons boek:

(Vervolg op Bl. 6)

an END TIME call to HOLINESS

When we look around us at the world as it is today, there is an awareness of the lateness of the hour because of the dramatic changes we see taking place in all spheres of life. There is no doubt whatsoever that the Words that Jesus spoke to His disciples in Matthew chapter 24 and Luke chapter 21 are coming to pass daily. But what we sometimes overlook in the excitement of seeing present day prophecy being fulfilled, is how we should be reacting to it.

Jesus' disciples asked the question**: "Master, but when shall these things be? and what sign *will there be* when these things shall come to pass?" (Luke 21:7).**

Daniel asked the same question of the Messenger of God who told him of things that were yet to take place in the future in Daniel chapter 12: **And I heard, but I understood not: then said I, O my Lord, what *shall be* the end of these *things?* And he said, Go thy way, Daniel: for the words *are* closed up and sealed till the time of the end. (Dan 12: 8-9).**

Both Jesus and God's Messenger to Daniel made very significant statements with regards to what man's behaviour would be like at this important period of time. We read in **Dan 12:10 Many shall be purified, and made white, and tried; but the wicked shall do wickedly: and none of the wicked shall understand; but the wise shall understand.**

Jesus' warning words were similar: **And take heed to yourselves, lest at any time your hearts be overcharged with surfeiting, and drunkenness, and cares of this life, and *so* that day come upon you unawares. For as a snare shall it come on all them that dwell on the face of the whole earth. Watch ye therefore, and pray always, that ye may be accounted worthy to escape all these things that shall come to pass, and to stand before the Son of man. (Luke 21: 34-36)**

Then He repeats this thought in **Rev 22:7 and 11: Behold, I come quickly: … He that is unjust, let him be unjust still: and he which is filthy, let him be filthy still: and he that is righteous, let him be righteous still: and he that is holy, let him be holy still.**

From these accounts of Scripture it is clear therefore that in the last days we can expect the wicked to become more wicked and those who are striving after holiness will become more holy. Jesus exhorts us to take care lest we be caught up in the wickedness of the world again. It would be so easy to back-slide if we do not purpose in our hearts to follow Jesus every day and be obedient to Him, so that we are continually cleansed by the Holy Spirit by the washing of the Word of God. In addition to this, our enemy is always lurking in the background waiting for his chance to pounce and lure us back into a sinful life. He knows the time is short.



Dan 12:10 Many shall be purified, and made white, and tried; but the wicked shall do wickedly: and none of the wicked shall understand; but the wise shall understand.

The Apostle Paul warns Timothy of the behaviour of men and woman in the last days, and says ;**This know also, that in the last days perilous times shall come. For men shall be lovers of their own selves, covetous, boasters, proud, blasphemers, disobedient to parents, unthankful, unholy, Without natural affection, trucebreakers, false accusers, incontinent, fierce, despisers of those that are good, Traitors, heady, high-minded, lovers of pleasures more than lovers of God; Having a form of godliness, but denying the power thereof: from such turn away. (2Tim. 3:1 -5).**

Here we see once again the sinfulness of man in the end time, we also see God's warning to us not to become guilty of such behaviour which could cost us dearly! In fact Paul pleads with us to continue to follow the Lord with renewed determination at this time, because he says, **Be ye therefore followers of God, as dear children; And walk in love, as Christ also hath loved us, and hath given Himself for us an offering and a sacrifice to God for a sweet-smelling savour.**

But fornication, and all uncleanness, or covetousness, let it not be once named among you, as becometh saints. Neither filthiness, nor foolish talking, nor jesting, which are not convenient: but rather giving of thanks. For this ye know, that no whoremonger, nor unclean person, nor covetous man, who is an idolater, hath any inheritance in the kingdom of Christ and of God. (Eph. 5:1-5). This portion of Scripture needs to be read again and taken seriously because of the tragic consequences if we should give ourselves over to sin, particularly in these last days. Then he goes on to say: **Let no man deceive you with vain words: for because of these things cometh the wrath of God upon the children of disobedience. Be not ye therefore partakers with them. For ye were sometimes darkness, but now *are ye* light in the Lord: walk as children of light: (Eph.5: 6-8).See then that ye walk circumspectly, not as fools, but as wise, Redeeming the time, because <u>the days are evil</u>. Wherefore be ye not unwise, but understanding what the will of the Lord *is.* And be not drunk with wine, wherein is excess; but be filled with the Spirit; (Eph. 5: 15-20).**

When we choose to walk in the ways of the Lord and in obedience to His Word, we must always remember that we are NOT DOING GOD A FAVOUR, WE ARE DOING OURSELVES A FAVOUR!! Our Heavenly Father knows our weaknesses and He loves us, He also knows the traps that the devil sets for us, and He does not want us to fall into them! This is why He wants us to give NO place whatsoever to Satan.

(Continued on page 4)

(Continued from page 3 - An end time call to …)
When we take time to consider how futile, empty and destructive sin is, we realise that by giving in to its filthiness, not only pollutes our life here on Earth, but will keep us from an inheritance in the Kingdom of God which is Eternal! (Eph. 5:5). It is simply just not worth it!!!! And that is why I plead with you now as time is running out, as Paul pleaded with Christians in his time, saying; **This I say therefore, and testify in the Lord, that ye henceforth walk not as other Gentiles walk, in the vanity of their mind, Having the understanding darkened, being alienated from the life of God through the ignorance that is in them, because of the blindness of their heart: Who being past feeling have given themselves over unto lasciviousness, to work all uncleanness with greediness. But ye have not so learned Christ; If so be that ye have heard Him, and have been taught by Him, as the truth is in Jesus: That ye put off concerning the former behaviour of the old man, which is corrupt according to the deceitful lusts; And be renewed in the spirit of your mind;**

And that ye put on the new man, which after God is created in righteousness and true holiness. Wherefore putting away lying, speak every man truth with his neighbour: for we are members one of another. Be ye angry, and sin not: let not the sun go down upon your wrath:

<u>Neither give place to the devil.</u>

Let him that stole steal no more: but rather let him labour, working with *his* hands the thing which is good, that he may have to give to him that needeth. Let no corrupt communication proceed out of your mouth, but that which is good to the use of edifying, that it may minister grace unto the hearers. And grieve not the Holy Spirit of God, whereby ye are sealed unto the day of redemption. Let all bitterness, and wrath, and anger, and clamour, and evil speaking, be put away from you, with all malice: And be ye kind one to another, tender hearted, forgiving one another, even as God for Christ's sake hath forgiven you. (Eph 4:17-32).

Let you and I be of those who, in these "evil days" are seeking to become "more holy and more righteous still", as we read in Rev.22. Let us join with those described in Dan.12 "who are purified and made white" in the end time. We know that "our righteousness" is only because of the Righteousness of our Lord Jesus Christ, but through Him we have been saved to produce works and fruit of righteous. Sanctification is a process that takes place as we yield ourselves more and more to God each day, allowing the Holy Spirit to work in us, and are prepared to "die" to self and allow Christ to manifest Himself through us. The more we lose our life for the sake of the Gospel, the more LIFE we gain! **Let us not stay at the beginning, but move on to perfection,** the Bible says in Hebrews 6:1.

Jesus said; **Behold, I come quickly:…**

He that is unjust, let him be unjust still: and he which is filthy, let him be filthy still: and he that is righteous, let him be righteous still: and he that is holy, let him be holy still. And, behold, I come quickly; and My reward *is* with Me, to give every man according as his work shall be. I am Alpha and Omega, the beginning and the end, the first and the last. Blessed *are* they that do His commandments, that they may have right to the tree of life, and may enter in through the gates into the city. For outside *are* dogs, and sorcerers, and whoremongers, and murderers, and idolaters, and whosoever loveth and maketh a lie. (Rev 22: 7, 11-15).

"…When we choose to walk in the ways of the Lord and in obedience to His Word, we must always remember that we are NOT DOING GOD A FAVOUR, WE ARE DOING OURSELVES A FAVOUR!! Our Heavenly Father knows our weaknesses and He loves us, He also knows the traps that the devil sets for us, and He does not want us to fall into them! This is why He wants us to give NO place whatsoever to Satan…"

Jesus died for our sins so that we might be forgiven and be reconciled to His Father, our Heavenly Father. His precious Blood washed away our sins and unrighteousness, gave us Eternal life, and also gave us power over all the power of the enemy, so we need not fear nor must we come under any condemnation. **If we confess our sins, He is faithful and just to forgive us *our* sins, and to cleanse us from all unrighteousness. . (1John 1:9)** When we sin, the Bible assures us that we have an Advocate in Christ Jesus, and He pleads before the Father on our behalf, providing that we confess our sin and repent of it**.**

My little children, these things write I unto you, that ye sin not. And if any man sin, we have an advocate with the Father, Jesus Christ the righteous: And He is the propitiation for our sins: and not for ours only, but also for *the sins of* the whole world. And hereby we do know that we know Him, if we keep His commandments. He that saith, I know Him, and keepeth not His commandments, is a liar, and the truth is not in him. But whoso keepeth His word, in him verily is the love of God perfected: hereby know we that we are in Him. He that saith he abideth in Him ought himself also so to walk, even as He walked. (1 John 2:1-6).

And may the Lord make you to increase and excel and overflow in love for one another and for all people, just as we also do for you. So that He may strengthen and confirm and establish your hearts faultlessly pure and unblamable in holiness in the sight of our God and Father, at the coming of our Lord Jesus Christ, the Messiah, with all His saints- the holy and glorified people of God! Amen, so be it. (1Thess. 3:12-13).

For God hath not called us unto uncleanness, but unto holiness. (1Thess. 4:7). ….. and holiness, without which no man shall see the Lord: (Heb 12:14) □



Ons God van wonderwerke

…..Briewe wat getuig van die Here se goedheid en getrouheid

Ek groet julle eerstens in die mooiste Naam van Jesus, ons Koning. Ek is so bly elke dag is 'n dag nader aan Sy koms! Ek wil net baie dankie sê vir elke keer dat julle vir my intree in gebed. Verlede jaar het ek voorbidding gevra vir Gustav de Jager, met 'n brein gewas, wel hy is genees deur ons Koning Jesus! Al die eer is net Syne!! Vir Dries van Dyk met trippel hart omlyning, 'n enkel wat gebreek was, wat hom baie drama kon gee. Hy loop self, bestuur self, al die eer weer aan Jesus! Hy kort nog 'n werk, ek sê solank dankie want ek glo dit kom spoedig. My moeder Joey, al 70 jaar, al op die rand van die dood 'n paar keer gewees en elke keer kom ons Koning en tel haar weer op, Hy't vir haar 'n nuwe hart gegee. My man Danie het Hy al 3 jaar gespaar, na sy hartaanval, maar Jesus maak alles vir hom nuut!!

Mev C van der Merwe, Nigel

Alle eer aan die Allerhoogste my Vader. Maande gelede stap 'n vrou by Esther in Simonstad se kafee in en vra of sy die boekie die Krag van Vergifnis kan kry. Verlede week kom sy in en vertel dat die haat wat sy gedra het, was teen haar suster. Sy het na haar gegaan, hulle het mekaar omhels en bitterlik gehuil, baie bely en vrede gemaak, en sy voel 'n ware mens en verlig, en sy vra Esther of sy die boekie Doop en Tradisie kan kry. Ons prys die Here wat Hy deur Sy Heilige Gees doen, en ons is vol vreugde. Wees geseënd deur die skrywe van Sy Woord. Dit is 'n voorreg om te kan wandel met Hom. Alle liefde

Mev H van Zyl, Parow Oos

Ek wil net baie dankie sê vir al die gebedes van die Christelike Sentrum af. Ek het in Maart 2008 aan die Sentrum geskryf dat daar asseblief vir my moet gebid word vir 'n werk en bly plek wat ek weens baie emosionele dinge verloor het. Wel ons dierbare Genadige Vader het ons gebedes verhoor want ons Vader het my geseën met 'n werk. Ek het nou die 30ste Julie 2008 weer begin werk. Ek het ook 'n tydelike blyplek gekry tot dat daar 'n ander uitkoms sal kom. Weereens baie dankie aan almal. Al die lof, eer en aanbidding aan ons Hemelse Vader. Mag ons dierbare Vader u almal ryklik seën en mag die Here se Genade en liefde julle omvou. Baie liefde. Groete

Mev L Du Plessis, Kemptonpark

Graag wil ek net almal wat so vir my seun gebid het vir ander werk bedank vir hulle gebede en boekies wat ek ontvang het. Hy het 'n ander werk uit die onderwys gekry, en ek is so dankbaar dat gebede verhoor is vir hom. Ek het natuurlik bly glo daar sal 'n ander deur vir hom oopgemaak sal word en dat hy 'n geleentheid sal kry. Hy het Maandag aansoek gedoen, Dinsdag genooi vir die onderhoud vir Donderdag en Vrydagmiddag het hulle hom laat weet hy het die pos gekry. Hy was so verslae – ek het hom die brief wat ek van julle ontvang het gewys, asook die boekie "Geloof soos 'n Mosterdsaad". Ek het bly glo vandat hy aansoek gedoen het dat hy die pos gaan kry en dit aanhoudend vir hom gesê. Hy het natuurlik getwyfel, want sy kwalifikasies verskil hemelbreed. Daar was 'n rustigheid in my en dit was wonderlik!" Baie dankie, ek waardeer dit ongelooflik baie!

Mev L Uys, Sinoville

Baie dankie vir al julle liefde en wonderlike gebede. Daar het 'n groot wonderwerk met my man plaasgevind. Die uroloog het die gewas in sy blaas weer deur 'n tweede scope verwyder en dit na die patoloë gestuur vir ontleiding. Daar is bevind dat daar nog geen verspreiding van die kanker plaasgevind het nie. Die dokter is baie verbaas en kon dit amper nie glo nie, aangesien die gewas reeds taamlik groot was. Ons loof en prys die Here dat hy voorwaar 'n God is wat hoor! Dit is 'n groot getuienis en 'n versterking van geloof vir ons kinders, familie en vriende.

Mev L Erasmus, Lynnwood Ridge

NEW BOOK

Woman's rights have been much in the forefront recently, and much emphasis has been placed on the need for the woman to be exalted and to be given greater recognition in the world today. In the light of this move towards the so-called "liberation" of woman in the 21st century, we have compiled a book which gives the Biblical answers to the "woman question."

Book nr. 68 - A woman after God's own heart @ R16.00

NUWE BOEK

Vroueregte is oorweldig en algemeen op die voorgrond, en baie klem is gelê op die nodigheid om die vrou te verhef en meer erkenning te gee in die wêreld van vandag. In die lig van hierdie beweging na die sogenaamde "bevryding" van die vrou in die 21ste eeu, het ons 'n boek saamgestel wat die Bybelse antwoorde gee op die "vroue vraag ".

Boek nr. 69 - Die Vrou Na aan God se Hart @ R16.00

(Vervolg vanaf Bl. 2 - 'n Houding van dankbaarheid)

Paulus se doring in die vlees). Ten spyte van alles wat hy deurgemaak het om die ontwil van sy Verlosser en Here en vir die Evangelie, het Paulus die belangrikheid van DANKSEGGING te alle tye aan die Here geweet. Hy het nooit opgehou om God te dank nie, ongeag die omstandighede en hy het altyd Christene oral aangemoedig om dit te doen!

Toe hy die Kerk van Efese geleer het, het hy geskryf: **Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en psalmsing in julle hart tot eer van die Here, terwyl julle God die Vader ALTYD VIR ALLES DANK in die Naam van onse Here Jesus Christus, (Ef. 5 :19-20).**

Toe het hy die Kerk in Filippi vermaan deur te sê: **Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking MET DANKSEGGING bekend word by God (Fil. 4:6).**

Aan die Kerk in Korinthe het hy hulle herinner: **Want dit is alles om julle ontwil, sodat die genade, wat groter geword het deur so baie mense, die DANKSEGGING oorvloedig kan maak tot die heerlikheid van God (2 Kor. 4:15).**

Sodat julle in alles ryk kan word tot alle milddadigheid, wat DANKSEGGING aan God deur ons bewerk. Want die bediening van hierdie hulpbetoning voorsien nie alleen in die behoeftes van die heiliges nie, maar is ook oorvloedig deur baie DANKSEGGINGE aan God (2 Kor. 9 :11-12).

God se oorvloedige genade deur aan ons alle dinge te gee behoort ons dankbetuiging aan te spoor wat heerlikheid na God bring.

Paulus beklemtoon weereens die nodigheid vir die Kerk van Kolossense om altyd dank te gee, dit bevestig die belangrikheid van ons aanhoudende dankbaarheid as Sy kinders, teenoor ons Vader God!

En laat die vrede van God, waartoe julle ook in een liggaam geroep is, in julle harte heers, en wees DANKBAAR (Kol. 3:15).

Gewortel en opgebou in Hom en bevestig in die geloof, soos julle geleer is, terwyl julle daarin oorvloedig is in DANKSEGGING (Kol 2:7).

Volhard in die gebed en waak daarin met DANKSEGGING (Kol. 4:2).

Ons lees in Handelinge 16:25-26**: En omtrent middernag het Paulus en Silas gebid en lofliedere tot eer van God gesing; en die gevangenes het na hulle geluister. En skielik kom daar 'n groot aardbewing, sodat die fondamente van die gevangenis geskud het. En onmiddellik het al die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgeraak.** Paulus het geweet hoe om in alle omstandighede die Here te loof en prys!

Die profeet Jesaja praat van die tyd wanneer Israel, God se Heilige Land, weereens herstel sal word tot sy vorige glorie en ons het die profesie van Jesaja in vervulling sien kom toe Israel weereens 'n nasie geword het in 1948. Hy sê dat die Land soos voorheen sal wees, selfs die vreugde en blydskap en **danksegging** sal weer gevind word. God mis die danksegging en blydskap wat Sy volk in Sion altyd aan Hom gegee het en dit sal weer gebeur.

Want die HERE vertroos Sion; Hy vertroos al sy puinhope en maak sy woestyn soos Eden en sy wildernis soos die tuin van die HERE; vreugde en blydskap sal daarin gevind word, DANKSEGGING en die klank van liedere (Jes. 51:3).

Ons sien in Openbaring dat danksegging altyd in die toekoms in die Hemel aan God gegee sal word. Aanbidding en danksegging is nou saamgeweef en die engele, ouderlinge en hemelse skare verklaar almal hul dank aan God op die troon. En ons sal eendag by hulle aansluit.

En al die engele het rondom die troon en die ouderlinge en die vier lewende wesens gestaan, en hulle het voor die troon op hulle aangesig neergeval en God aanbid en gesê: Amen! Die lof en die heerlikheid en die wysheid en die DANKSEGGING en die eer en die krag en die sterkte aan onse God tot in alle ewigheid! Amen (Openb. 7: 11-12).

Uit die gedeelte van die Skrif word dit duidelik dat God nooit moeg raak om ons te hoor dankie sê vir Hom nie! Selfs wanneer ons eendag almal in die Hemel is sal ons nie ophou om Hom te dank nie en so moet dit wees, want Hy het Sy beste aan ons gegee sodat ons 'n Vader/ kind verhouding met Hom kan hê! Hy het Sy enig gebore Seun, Jesus Christus gegee om die grusaamste dood aan 'n kruis te sterf, as 'n lewende menslike offerande vir die vergifnis van ons sonde om ons met God te versoen. Wat 'n verstommende geskenk van beide Vader en Seun! Die Vader het Sy Seun gegee en die Seun het aan ons Sy lewe gegee! Hoe kan ons DANKSEGGING ooit tot 'n einde kom?

By die Nagmaal, die Tafel van DANKSEGGING, moet ons hierdie wonderlike geskenk van Verlossing in gedagtenis bring.

Want ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het; en nadat Hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis (1 Kor. 11:23-24). Jesus, wat goed geweet het wat vir Hom voorlê, het die Brood geneem (simbolies van Sy Liggaam, wat binnekort gebreek sou word deur onbeskryflike wonde) en Sy Vader **GEDANK** voordat Hy dit gebreek het. Slegs Jesus kon so onselfsugtig gewees het! Hoe kan ons Hom ooit genoeg dank? Hoeveel persent DANKSEGGING per dag sal genoeg wees om ons

(Vervolg op Bl. 8)

UIT DR JAMES SE KANTOOR

Geliefdes in die Here Jesus Christus, dit is moeilik om te glo dat daar net twee maande oor is tot die einde van die jaar! Waar is die tyd heen? God sê in Sy Woord dat ons "die tyd moet uitkoop" veral in hierdie "bose dae" waarin ons leef **(Koop die tyd uit omdat die dae boos is Ef. 5:16).** Ek voel sterk dat dit noodsaaklik is om die tyd, wat ons vermaan word om "uit te koop," met wysheid en tot Sy eer te gebruik. Dit is waarom ek hierdie maand geskryf het oor die belangrikheid van ons DANKSEGGING aan God asook dat dit vir ons nodig is om HEILIGMAKING te vermeerder. Die tyd wat ons uitkoop, sal konstruktief bestee wees as ons op die twee aspekte van ons lewe fokus gedurende die tyd wat ons op hande het.

God het tyd en Seisoene geskep en die Vier Seisoene van die lewe is so betekenisvol. In die Lente het ons die belofte van 'n nuwe begin, om ons lewensmaat te ontmoet, te trou, 'n nuwe lewe saam; dan die geboorte van kinders en die groei van die gesinseenheid. Dan bring die Somer die tyd dat die kinders opgroei en die gesin in "volle blom" is met baie aktiwiteite wat in 'n vol huis aangaan! Wanneer Herfs aanbreek, is dit die tyd wanneer die kinders lewens van hul eie begin, en hulle begin die nes verlaat; dan in die Winter begin dinge stadiger word en kan ons nadink oor die Seisoene wat verby is. Ek en Meg geniet dit om ons Winter Seisoen binne te gaan met al ons kinders gelukkig gevestig en almal wat hul eie Somer Seisoen ondervind met hul aktiewe kinders, waarvan baie al jong volwassenes is – en die volgende Seisoen sal weer begin.

Ek en Meg stem saam dat vir ons het elke Seisoen 'n ander skoonheid van sy eie gehad en ons het elkeen, met sy eie seëninge, geniet. Soos ons nou ons Winter Seisoen geniet is ons opgewonde en geseën deur die wonderlike nuus dat ons in Januarie groot-grootouers gaan word! God is so goed!

Ja, elke Seisoen van die lewe is spesiaal en bring sy eie belonings. Dit is na alles, Vader God wat in Sy oneindige wysheid die wonderwerk van tyd vir Seisoene voortgebring het, en Hy het hulle geskep sodat ons die verskeidenheid kan ondervind, die uitdagings en seëninge wat met elkeen kom. So wat ook al jou Seisoen nou is, geniet dit ten volle en koop die tyd uit – omdat die Here alle dinge pragtig gemaak het om Sy liefde teenoor ons en vir ons plesier te reflekteer.

Ons wil julle opreg bedank vir jul gebede en ondersteuning en ook vir julle briewe, getuienisse en aanmoediging! Met harte van dankbaarheid teenoor God ons Vader dink ons aan julle in ons gebede elke oggend tussen sewe en agtuur.

Mag Hy julle oorvloedig seën en in elkeen van julle behoeftes voorsien deur Christus Jesus.

Met warm Christen liefde,

Dr James

Laat Ons mense maak na Ons Beeld en Gelykenis. (Gen. 1:26).

'n Afgestorwe wetenskaplike, Charles Darwin, het 'n apologie van die Kerk ontvang omdat hulle nie sy evolusie teorie, dat die mens van 'n aap ontwikkel het, geglo het nie. Dr. Malcomb Brown, verteenwoordiger van die Kerk van Engeland het volgens berig verklaar dat hul "teen- evolusie ywer" 'n "aanklag" teen die Kerk was en dat hulle kerk hoop om wysigings te maak. Die Woord van God waarsku ons: **Maar die Gees sê uitdruklik dat in die laaste tye sommige van die geloof afvallig sal word en verleidende geeste en leringe van duiwels sal aanhang (1 Tim. 4:1).**

In Genesis 1:27 lees ons dat God die Hemel en Aarde in ses dae geskape het en die Man en Vrou na SY BEELD EN GELYKENIS gemaak het, en omdat my God nie 'n aap is nie, moet hulle Hom omverskoning vra. Ons moet op ons knieë bid dat God die oë sal open van die wat nog nie sien nie, en Hom in alle nederigheid dank vir Sy wonderbaarlike genade wat dit vir ons moontlik maak om Sy waarheid te herken en dit aan te neem.

Mense Regte is nie noodwendig God se Regte nie.

Dit is 'n tragiese dag in die Geskiedenis van Suid-Afrika wanneer ons Regstelsel uitspraak lewer teen die Wette van God, wat deur 'n Evangelistiese Kerk gehandhaaf word, in gehoorsaamheid aan Sy Woord! 'n Land wat persentasie gewyse bekend is as oorwegend Christelik. Hierdie "aardse" regter het uitspraak gelewer dat die afdanking van 'n leidende personeellid van die Kerk, wat bely het dat hy 'n homoseksueel is, "onregverdig" was. Ons God is NOOIT onregverdig nie, Hy is 'n REGVERDIGE God en maak dit baie duidelik in Sy Woord dat homoseksualiteit, saam met ander seksuele sondes 'n gruwel vir Hom is strafbaar met ewige verdoemenis, as dit nie bely en afstand van gedoen word nie. Dit is duidelik opgeteken in feitlik elke boek van die Bybel.

As die Kerk, wat in werklikheid God se Gesag op Aarde is, verhinder word om Sy Wette te handhaaf en daarvoor gestraf word deur die gereg, (soos berig is dat die vergoeding wat die werknemer aan hom moes betaal R87000.00 was, asook 'n apologie vir hulle aksie), is dit waarlik 'n treurige dag vir Suid-Afrika en God sal nie bespot word nie. Sy Oordeel sal vinnig en verseker wees, want alhoewel Hy 'n uiters geduldige God is, sal Hy nie vir altyd met die mens wedywer nie, volgens die Woord in Gen. 6:3. Laat ons dus vir die leierskap van daardie kerk bid vir krag en wysheid om teen die aanval van die vyand te staan en vir die Here se seëninge op daardie Vergadering. En laat ons ook met meegevoel en geestelike insig bid vir die verlossing en bevryding vir almal wat deur homoseksualiteit gebind is omdat Jesus gesterf het om hulle te bevry. (Lees ons boek: Is daar 'n toekoms vir "Gays"?) Bid ook vir al die ander sogenaamde Christelike kerke waarvan nie een, waarvan ek weet, die moed gehad het om God se antwoord te staaf nie.



Uit die gedeelte van die Skrif word dit duidelik dat God nooit moeg raak om ons te hoor dankie sê vir Hom nie! Selfs wanneer ons eendag almal in die Hemel is sal ons nie ophou om Hom te dank nie en so moet dit wees, want Hy het Sy beste aan ons gegee sodat ons 'n Vader/kind verhouding met Hom kan hê!

(Vervolg vanaf Bl 6 - 'n Houding van dankbaarheid….)

dankbaarheid voldoende uit te druk vir die prys wat Hy vir ons bevryding betaal het? (Kry ons boek Nagmaal en Genesing)

100%? Nie naastenby genoeg nie!

Laat ons dus ons hart daarop instel om op te hou om te murmureer en oor al die onbenullighede te kla wat ons dag uitmaak. 'n Gekerm kan niks verbeter nie, dit sal ons eerder van God af wegstoot. God bewoon die lofsange van Sy volk, dus sal die teenoorgestelde beslis ook waar moet wees naamlik dat Hy die murmurering van Sy volk vermy! Onthou met vrees en bewing hoe die Israeliete wat in die woestyn gemurmureer het God mishaag het en hulle het nooit die Beloofde Land binnegegaan nie!

Hoeveel keer is aan ons gesê om "ons seëninge te tel", en om dankbaar te wees vir wat ons het? Daar is so baie waaroor ons dankbaar kan wees, so baie dinge waarvoor ons die Here kan dank! Soos ons gesien het hoe baie danksegging vir Vader God beteken en bewus geraak het van hoedat manne van God regdeur die eeue bevoordeel en geseën is deur hul houding van dankbaarheid, sal ons baie dwaas wees om nie elke dag te begin en eindig met DANKSEGGING aan ons Vader God nie. Dank Hom vir die groot dinge in jou lewe, dank Hom vir die klein dingetjies! Dank Hom vir die lug wat jy inasem, jou kos, klere en 'n dak oor jou kop!

Ons was onlangs aan huis van ons seun Jake en sy lieflike vrou Wendy en aan die etenstafel het ons jongste kleinseun Seth, wat sewe is, en deur sy vader gevra is om die Here vir die kos te dank, sy klein handjies saamgevou en met sy oë toe, gebid: *"Liewe Here Jesus, dankie vir die heerlike kos! Dankie vir my Daddy en my Mammie! En dankie vir my broer! En vir my hond.... ek bedoel my twee honde! En vir my Oupa en my Granny! En ek dink dis al! Amen.*

Wanneer laas het ons God gedank vir ons geliefdes en al die skepsels

Spesiale woord van Dank

'n Spesiale woord van dank vir die kosbare bydraes wat direk in ons bankrekening inbetaal word.

Dit is vir ons baie belangrik om vir u 'n persoonlike bedankings briefie te stuur, daarom versoek ons u om asseblief u deposito strokie, met u volle naam en volle adres te pos of te faks. Ons sal dit ook waardeer as u vir ons u naam en adres langs u deposito strokie neer skryf wanneer u dit faks, omdat die faks nie altyd leesbaar is nie.